e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

25 Maart 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 8

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Nuwe wyn het alles met Christus te make

'n Voormalige predikant van die Hervormde Kerk het gedurende 2009, en onlangs weer in *Beeld*, uitsprake gemaak wat nie onbeantwoord kan bly nie. Die een was dat daar in die Christelike geloof te veel klem op die sonde gelê word. Die ander was: *Die Evangelie van Tomas uit die eerste eeu het Jesus al as niks meer as net 'n rabbi gesien nie.*

Ons kan 'n lang debat oor die kanon voer, die 66 boeke van die Bybel wat vir Christene dien as maatstaf vir hul leer en lewe. Maar dis 'n doellose gesprek, want die kanon is afgesluit. In die geskiedenis van die kerk was daar nog nooit dwingende argumente dat die kanon uitgebrei of verklein moet word nie. Die kerk was nog altyd van geloofsoortuiging dat hierdie versameling boeke voldoende is sodat mense by die lees daarvan en by die aanhoor van die verkondiging daarvan tot geloof in Christus kan kom. Hierdie geloof in Christus behels die vergifnis van sondes en die gawe van sy Gees.

Duisende geleerdes en 'n nog groter skare geloofsgetuies worstel al vir eeue met die Bybel en met die geloof in Christus. Hy is die ewige Woord wat Mens geword en vir ons sondes kom sterf het. Maar God se Woord is ook op skrif gestel sodat dit gelees kan word. God se ewige Woord vind ook gestalte in die voortgaande verkondiging van die kerk. Al drie bogenoemde gestaltes van die Woord is gelykwaardig, want dit gaan telkens om Christus. In al drie gestaltes waarin die Woord van God na ons toe kom, bly die patroon onder mense dieselfde: aanvaarding of verwerping, geloof of ongeloof.

Wat die klem op die sonde betref, net die volgende. 1 Johannes is al in ongeveer 95 nC geskryf aan gelowiges wat verwar is deur mense wat 'n vorm van gnostiek verkondig het. Dit was 'n geheime kennis wat net vir ingewydes beskore was. By die aanhangers van hierdie denkrigting was daar 'n totale ontkenning dat die Seun van God Mens geword het. Hulle was van oortuiging dat Christus nie self en werklik vir die mens se sondes gesterf het nie. Verlossing lê dus nie vir hulle in Christus se soendood nie. Die aanhangers van die gnostiek het geglo dat hulle van die sonde gevrywaar is op grond van hul geheime kennis. As jy meen dat jy nie sonde het nie, raak Christus oorbodig.

Elke mens is sondig en elkeen het die verlossing wat Christus gebring het, nodig. 'n Mens wat voorgee dat hy in diens van God staan, maar nie kan of wil bely dat die Seun van God Mens geword en vir ons sondes gesterf het nie, tree nie op onder leiding van die Heilige Gees nie. So 'n mens is 'n teenstander van Christus en het ten doel om die Persoon en werk van Christus te misken. Selfs 'n geringe verdraaiing van die betekenis van Christus se menswording kan mense heeltemal mislei.

Dit is duidelik waarom die Evangelie van Tomas vroeg reeds deur die kerk verwerp is. Dit bevat geen nuwe wyn nie. Sy wyn is stokoud, dis suur. Nuwe wyn word slegs in verbondenheid aan Christus gevind.

Ds Petri de Kock, Pierneef

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Fanie Hoffman** van Waterberg na die kombinasie Belfast/Waterval Boven
- **Ds Barrie Oberholzer** van Messina/Van Warmelo na Bothaville

Beroep bedank

- **Ds Gerrie Senekal** van Lichtenburg na Theresapark

Ds Fanie Hoffman

Ds Barrie Oberholzer

Ds Gerrie Senekal

Dr Hans Dreyer

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Voorbidding** word gevra vir die volgende **predikante en lidmate**:
  - Dr Hans Dreyer
  - Dr Jan Vorster
  - Ds Johann Mouton
- **Dr Jan Vorster**, deeltydse predikant van Gemeente Verwoerdburg, is ernstig beseer nadat sy mikroligte vliegtuig op Saterdag 13 Maart geval het. Hy is reeds uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 26 Maart: Di Dirk Stoltz en Anton Swanepoel
  - Saterdag 27 Maart: Ds Barry van Schalkwyk
  - Sondag 28 Maart: Di Lorret de Leeuw, Mariët Robbertze en Jaco van Sittert
  - Maandag 29 Maart: Di Jan-Harm Barkhuizen, Petri van Rooyen en dr Frans Boshoff
  - Dinsdag 30 Maart: Ds Thomas Dreyer (Durban)
  - Vrydag 2 April: Dr Ananda Geyser-Fouché
- **Ds Fanie (JS) Naudé** het geëmeriteer en is dus nie meer by Theresapark se pastorie beskikbaar nie. Sy besonderhede is nou soos volg: Posbus 3280, Montanapark 0159; **naude.fanie@gmail.com**; 083 391 3151 (geen huistelefoon- of faksnommer nie).
- **Dr Hennie van Deventer** het toestemming by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gekry om **navorsing** te doen **oor bejaardeversorging** en die nood wat daaroor bestaan. Hy sal die Algemene Diakensvergadering (ADV), Bejaardesorg en die NHSV in sy studie ken.
- **Gemeente Johannesburg** het besluit om hul standplaas te wysig na **deelversorging**. Die ring van Johannesburg en die Kommissie van die AKV het reeds toestemming daartoe verleen.
- **Gemeente Paarl** het besluit om met die restourasie van hul kerkgebou te begin. Gemeentes van die Kerk het reeds verlede jaar vir die projek begin bydra. Die Kommissie van die AKV het vanjaar weer aan die gemeente geleentheid gegee

Dr Jan Vorster

Ds Johann Mouton

Ds Fanie Naudé

Dr Hennie van Deventer

om by ander gemeentes bydraes te vra. Die afgelope week is meer inligting oor die historiese kerkgebou en gemeente aan gemeentes van die Kerk deurgegee. Gemeente Paarl word al jare lank met groot vrug bearbei deur **ds Jakkals Janse van Rensburg**.

- Gemeentes wat **argiefstukke** by die Sinodale Kerkkantoor wil besorg, moet sekermaak dat die stukke wat afgedra word wel is wat ontvang moet word soos uiteengesit in die ***Riglyne vir gemeenteargiewe***. Dié riglyne is by die argivaris, mnr Nándor Sarkady, beskikbaar. Kontak hom by **argief@nhk.co.za** of 012 322 8885 x204. Daar word steeds te veel kwitansiebewyse en ander onnodige rommelpapier saamgestuur, wat die sortering en verwerking bemoeilik en vertraag. Daar moet asseblief ook vooraf met mnr Sarkady reëlings getref word vir die ontvangs van die argiefstukke. Geen stukke moet by die hek of ander afdelings van die Kerkkantoor afgelaai word nie.

Nándor Sarkady

Lisa-Mari Swanepoel

- **Teologiestudent Lisa-Mari Swanepoel** het toestemming van die Kommissie van die AKV gekry om by gemeentes van die Kerk inligting in te samel vir haar skripsie oor *Saamwoon: 'n Prakties-teologiese perspektief*. Sy samel die inligting in onder leiding van die skriba van die Kommissie van die AKV, dr Malan Storm.

- **Gemeente Witbank se NHSV** wil graag 'n boek saamstel met grappige verhale wat deur predikante, kerkraadslede, lidmate en die NHSV oorvertel word en wat as staaltjies dog waarheid gebruik kan word. Die nodige erkenning sal aan die insenders gegee word, behalwe waar die skrywer dit anoniem wil plaas. Stuur stories wat met u en rondom die Kerk plaasgevind het aan **ds Arno Nieuwhof** van die kombinasie Witbank/Witbank-Noord, by **dsarno@web4us.co.za** of **dsarno@mtnloaded.co.za**. Driesie Hurn, Witbank se NHSV-voorsitter, en Rita Oosthuizen, sekretaresse, sal die stories en staaltjies bymekaar maak. Kontak hulle gerus by 079 498 8974 (Driesie) en 082 365 5228 (Rita).

Ds Arno Nieuwhof

Ds Colin Hertzog

- **Ds Colin Hertzog** het die afgelope naweek die lidmate in Harare besoek. Tydens 'n gemeentebyeenkoms op Saterdag 21 Maart het hy met die meeste van die gemeentelede gesprek gevoer. Hy was 'n paar jaar lank predikant van die gemeente en dit is vir dié lidmate 'n groot geleentheid as hy daar besoek aflê. Ds Hertzog se gemeente, **Middelburg-Noord**, dra gereeld by vir die bediening en versorging van lidmate in **Zimbabwe**.

- Weer eens **dankie** aan gemeentes wat gereeld vir die **bediening in Zimbabwe** bydra. Sonder dié finansiële ondersteuning sal die bediening wat nou al 'n hele paar jaar plaasvind, nie voortgesit kan word nie.

Ds Eksteen Botes

Prof Jimmie Loader

- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering op 11 en 12 Maart uitvoerige verslae behandel van **prof Jimmie Loader** oor die pastorale versorging van lidmate en ander Afrikaanssprekendes in Wenen, en van **ds Eksteen Botes** oor sy besoek aan lidmate en ander Afrikaanssprekendes in Paraguay.

Dr Daan van Wyk

Ds Etienne Fourie

- **Dr Daan van Wyk (jr)**, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, en **ds Etienne Fourie**, voorsitter van die Raad vir Ekumene, woon in Mei/Junie die **samesmeltingsvergadering** van die Reformed Ecumenical Council (REC) en die World Alliance of Reformed Churches (WARC) in die VSA by. Hulle berei tans 'n dokument voor wat aan die nuwe wêreldliggaam voorgelê sal word.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Die volgende **ringsvergaderings** vind in **April** plaas:

  - 11 April: Trichardtsfontein, te Trichardtsfontein
  - 13 April: Zoutpansberg, te Welgelegen
  - 16 en 17 April: Dorsland, te Mariental
  - 17 April: Pietermaritzburg, te Pietermaritzburg
  - 17 April: Noordelike Natal, te Newcastle
  - 17 April: Bothaville, te Bothaville
  - 20 April: Chrissiesmeer, te Breyten
  - 24 April: Noord-Kaapland, te Stella

- Ampsdraers en lidmate word uitgenooi na die **Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) se **Aktualiteitsdag** wat op versoek van die Kommissie van die AKV gereël word. Dit vind plaas op **Dinsdag 27 April** by **Gemeente Montana**. Aktuele sake wat tans in die Kerk onder bespreking is, sal gedebatteer word. 'n Volledige program is op die webwerf beskikbaar. Inskrywingsgeld is R100 per persoon, en sluit verversings en 'n ete in. Registreer asseblief **voor 9 April** by mev Betsie Brits, by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za**. Die bankbesonderhede vir die inbetaling van die registrasiegeld is soos volg: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekening nr 020 149 752, takkode 63 20 05, verwysing 2013K, gevolg deur u voorletters en van.

- **Gemeente Randburg** bied van **7 tot 9 Mei** 'n **huweliksverrykingsgeleentheid** aan by Zinyala Lodge in Limpopo. Ontdek weer die X-faktor in jul huwelik! Die aanbieder is dr Kobus van Biljon. Bespreek by **admin@nhk-randburg.co.za**, of kontak ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za** vir meer inligting.

- **Versoek: Bydraes vir Bybels.** Die **Afrika Instituut vir Missiologie** (AIM) bied van **16 tot 18 April** 'n **gemeenskapsprojek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die 4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens 100 Bybels oor die naweek te versprei. Lidmate, weldoeners, gemeentes en ringe word versoek om 'n finansiële bydrae te lewer tot die aankoop van die Bybels. Kontak mev Clarika Hattingh (**evangelisasie@nhk.co.za /** 012 322 8885) of mev Sarie Roux (**kassier@nhk.co.za /** 012 322 8885) ten opsigte van die oorbetaling van die geld. AIM se adresbesonderhede is soos volg: Afrika Instituut vir Missiologie, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die bankbesonderhede is die volgende: Afrika Instituut vir Missiologie; tjekrekening nommer 40 6187 8535; bankkode 323 145; BIC-kode 335 545; SWIFT-adres ABSA 2AJJ CPT; IBAN-nommer 406 1878 535.

- **Gemeente Randburg** se **orrelispos** is vanaf 1 April 2010 vakant. Belangstellendes kan Elna kontak by **admin@nhk-randburg.co.za** of ds CJ van Wyk by **cjvwyk@nhk-randburg.co.za**.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* 'n *Kom in*-konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is R300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en 'n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag

18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van **Gemeente Schoemansdal**. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief; Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, **Krugersdorp**. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

Kampe en toere

- **Via Dolorosa – Paasnaweek 2010 (1 tot 5 April 2010).** Kom deel as gesin in die herdenking van die simboliese kruisiging en opstanding van Jesus Christus. **Selfsorg-kampering** op die plaas Silwerstroom in **Mpumalanga** (geleë tussen Machadodorp, Lydenburg en Belfast) teen R250 per persoon. Kinders tussen 2 en 6 jaar betaal R125. Dagbesoekers kan ook aan die verrigtinge deelneem en betaal R40 per persoon. Eredienste gedurende die naweek word gelei deur **ds Jaco Vogel**. Vir navrae/besprekings, skakel Christo by 082 554 9653, Annelie by 082 415 2602, of Bernadette by 082 923 7531.

- Daar is **nog enkele plekke** beskikbaar vir die toer na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switserland en Parys vir R32 500. Of beleef die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug-en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 dadelik om plek te bevestig.

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** ’n **vliegsafari aan.** Die projek het verlede jaar ’n groot wins getoon en word vanjaar nog groter aangebied. Kontak Rudie de Wet by **rudie@dewetdrilling.co.bw** of +267 713 00166, Guillaume Knipe by **gknipe@work.co.bw** of +267 713 00646, of Jan de Wet by +267 713 00168 vir meer inligting.

- ’n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Maak hierdie onvergeetlike leerervaring mee! Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied ’n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – ’n blouwildebees, ’n blesbok, ’n lam, ’n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. ’n Replika van ’n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op ’n skaal

van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop ’n kaartjie teen R10 en maak ’n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.



- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle ’n kompetisie om **’n vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen ’n donasie van R100 by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan ’n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte



- **Gemeente Waterberg** hou ’n **Arabiese basaar** op **Vrydag 26 en Saterdag 27 Maart**. Benewens die gewone pret en lekkernye, sal daar kamele wees om op te ry en 8 buikdansers wat Vrydagaand optree. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 vir meer inligting.

- **Gemeente Delareyville** bied weer vanjaar hul gewilde **Generaal Delareyfees** aan. Dit vind plaas op **Saterdag 1 Mei**. Die fees word op die kerkterrein gehou met die Campbells, Piet Planter en Ruben Wentzel as gaskunstenaars. Daar sal ook hope vermaak en heerlike verversings aangebied word. **Toegang is gratis.** Indien dit al lank jou droom is om **jou eie veeboerdery** te begin, kan jy teen ’n skamele R100 hierdie droom dalk verwesenlik. Indien jy die gelukkige wenner is, kan jy wegstap met ’n bul en tien topverse, of vyf topverse, of 10 skaapooie. Hierdie pryse is ook in kontant beskikbaar. Jy kan kaartjies telefonies bekom en hoef nie noodwendig teenwoordig te wees die dag met die trekking nie. Topkwaliteit vleis sal teen groothandelpryse beskikbaar wees. Daar sal ook handgemaakte artikels, heerlike tuisgebak en egte Wes-Transvaalse vleisgeregte soos kaiings en sosaties wees. Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of ds Attie Hattingh by 082 770 6862. Meer inligting is ook beskikbaar op Facebook onder *Genl Delareyfees*.

- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk tree op as gaskunstenaar, en toegang is gratis. Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars gaan ook optree. Hulle het ook ’n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is ’n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is ’n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is ’n vleispakket bestaande uit ’n slagbees, slagskaap en ’n gemsbok; en die 4de prys is ’n week lang vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal rou vleis verkoop word teen billike pryse, en daar sal allerhande lekkernye wees om aan te smul. Hulle beplan ook ’n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Waar gaan jy meer boeregasvryheid, mooier Bosveld-natuurskoon en ’n lekkerder

plaasatmosfeer kry as in Groot Marico? Toegang is gratis en daar is volop parkering. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklong. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Daar sal ook **pretritte met veteraanmotors** wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan 'n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

ANDER NUUS

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Die **Ondersteuningsraad in Vanderbijlpark** het **voor 1 April 2010** die volgende meubels nodig om 'n kantoor vir 'n nuwe maatskaplike werker toe te rus:

  - Lessenaar
  - Boekrak
  - Lessenaarstoel
  - Twee stoele vir kliënte
  - 2 liasseerkabinette

  Kontak Susan Warrington by 016 981 4099.

- Die **Wêreld-Natuurfonds** (WWF) doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners om op **Saterdag 27 Maart van 20:30 tot 21:30** alle ligte af te skakel as 'n simboliese daad om aan leiers te wys dat ons NOU oor klimaatsverandering moet besin. Meer inligting oor *Earth Hour 2010* kan by 021 888 2800 bekom word.

- Die **Nuwe Hart Stigting** wil 'n bydrae lewer om moraliteitsherstel in Suid-Afrika teweeg te bring, en bied 'n geleentheid aan in samewerking met die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch. Die konferensie vind in **Krugersdorp** plaas van **21 tot 23 April**. Skakel Drienie by 011 665 2017, of registreer aanlyn by **www.nuwehart.com**.

- Die **volgende vergadering** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertyd en lokaal.

  - Dinsdag 30 Maart: Koördineringskomitee

KOMMENTAAR

"Van Whangerei tot Atlanta. Oral in die wêreld hou Hervormers hulle besig om die evangelie te verkondig, en op ons voorstoep lê die land braak. Of is dit die krummels wat van die tafel val?"

Dr Ernie Jacobson

***** Lesers moet asseblief kennis neem dat daar nie op Donderdag 8 April 'n uitgawe van die *e-Hervormer* sal wees nie.**

ADVERTENSIES

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by faksnommer 086 630 5153 of **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020-000-287; takkode 632-005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Lees in *Konteks* van April 2010:

- Hoe vier ons Paasfees?
- Jesus sê: *Moenie bang wees nie...*
- Liturgie vir Opstandingsondag
- Liturgie vir Biddag vir Gesaaides / Dankdag vir die Oes

Lees in *Die Hervormer* van April 2010:

- Die boer en geloof
- Jesus het opgestaan... Het jy al?
- Hervormer word dekaan
- NHSV 70 jaar

Besoek ook die webblaaie www.konteks.co.za en www.hervormer.co.za en lees meer oor dié twee publikasies.

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx